# 2 Junie - INSIG

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-7**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:7**

Insig is om iets goed te begryp en te verstaan. Insig in die Woord van God is om die Woord goed te begryp en goed te verstaan. Dit behoort elke Christen se strewe te wees om insig in die Woord van God te verkry. Hoe vind ons insig in die Woord?

Paulus gee in 2 Timoteus 2:7 aan Timoteus die opdrag om wat hy geskryf het, te oordink. Om iets te kan oordink, is dit eerstens nodig om dit wat jy wil oordink, ernstig op te neem. As dit nie vir jou 'n saak van erns is nie, sal jy dit nie oordink nie. As Timoteus nie ernstig opgeneem het wat Paulus skryf nie, sou hy dit nie oordink het nie.

Wanneer ons die Woord ernstig opneem en dit begin oordink, moet ons besef dat nadenke inspanning vra. Dit is werk wat jy doen – fisiese en geestelike werk. Jy moet doelbewus tyd daarvoor opsy sit. Jy moet doelbewuste ondersoek doen. Hierdie ondersoek behels nie net letterlike nadenke nie, maar ook nalees oor die saak. Selfs gestruktureerde studie kan gedoen word en jy kan met ander daaroor gesels.

Daar is 'n belofte vir elkeen wat ernstig is oor die Woord van God en daaroor nadink: God gee dan aan jou insig in sy Woord. Insig is iets wat ons nie vanself het nie. Insig is 'n geskenk van die Here.

Die wonder van insig is egter dat God nooit by ons verstandelike vermoëns en worstelinge verbygaan nie. Hy gebruik ons ernstige nadenke om insig by ons te wek. Soos 'n boer nie sonder harde werk 'n oes op die land moet verwag nie, maar die oes tog ook 'n gawe van God is (vgl. 2 Tim 2:6), so gee Hy ons ook wanneer ons hard werk (nadink) insig in sy Woord.

*Sing: Psalm 126:3 (1936-beryming)* *Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)*